Nuusbrief

OVERVAAL STEREO IS JOU GUNSTELING GEMEENSKAPSTASIE

Augustus / September 2010

BERIG BINNE

André Rieu

MAN MET PASSIE VIR MUSIEK - 5

FREDERICK & IZELDA SPRANKEL

Paartjie wys hul troufoto's

Ontdek koepel op 'n vierwiel

BLADSY 10

Dame van die jaar

BLADSY 3

Posbus 934, Viljoenskroon 9520 | Tel: 056 343 2076/7 | Faks: 082 235 0871 | E-pos: 96.1@overvaalstereo.co.za | Web: www.overvaalstereo.co.za

Uit die kan t oor

Melanie von Steen, Stasiebestuurder

Wat 'n voorreg om so gelukkig te wees dat ons dae verby vlieg omdat ons so besig is.

Ons lewens hier by Overvaal Stereo is met soveel positiewe mense volgepak dat ons van krag tot krag gaan. Ons amptelike luisteraartal is die hoogste wat dit nog ooit was.

Ons dameskamp "…en ons sien haar wen" word nou aangesterk met 'n Mannekamp "Laat los en laat God". Kobus neem die uitdaging op sy skouers en sal dit aanbied na aanleiding van 'n opdrag by die *Mighty Men*-konferensie dat hulle streekskonferensies moet reël. Beide kampe sal gedurende Maart 2011 aangebied word. Die Dameskamp sal van 11 tot 13 Maart plaasvind en die Mannekamp een week later vanaf 18 tot 20 Maart.

Julle kan gerus op die uitkyk wees vir die groot stap. Ons beoog die stap gedurende Oktober 2011. Met die elektrisiteitsprobleme wat kort-kort kop uitsteek is 'n kragopwekker by die ateljee in Viljoenskroon 'n noodsaaklikheid.

Nooi jou vriende en kennisse om asseblief ook by ons as 'n klublid aan te sluit. Dit versterk ons stem en hulle kan ook aan ons gereelde kompetisies deelneem. Elkeen staan 'n kans om te wen, maar dan moet jy inskryf!

Geniet ons nuusbrief en verlustig jou in die heerlikheid van vanjaar se Damestee-fotos. Onthou om solank betyds vir volgende jaar te bespreek.

Groete

Melanie

Om getrou te wees

Dis vir ons so maklik om ontrou te wees. Ons dink nie eers twee keer om van plan te verander nie. Soms verbreek ons beloftes en dan verwag ons dat die wêreld om ons, ook moet saam speel. Maar God is 'n God van orde. Hy verbreek nie beloftes nie. Trouens Hy verwag van ons om ons geloftes te hou.

Deut 23:21: As jy aan die Here jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.

Van die beloftes wat ons verbreek is byvoorbeeld om God bo alles te dien. Ons belowe dit gewoonlik wanneer ons in die moeilikheid is. Of dalk wanneer ons tot bekering kom.

Nog 'n belofte wat ons verbreek lê in ons ondeurdagte spraak. Ons praat te maklik. "Ek het jou lief en ek sal altyd vir jou lief wees". Ai, dis seker een van die beloftes wat ons die maklikste verbreek en een van dié wat seer maak omdat dit verwerping impliseer. Later wanneer ons trou en alles verloop nie na ons sin nie, stap ons van die huwelik af weg en vergeet van ons belofte, nie net aan mekaar nie maar ook aan God.

Wanneer dit maklik word om beloftes aan mekaar te verbreek is dit later maklik om beloftes aan God te verbreek. Want, word ons geleer, dit maak nie saak nie, God sal wel genade aan ons bewys en ons vergewe. Maar as ek God werklik liefhet sal ek Hom so wil seermaak deur 'n belofte aan Hom te verbreek? Dalk het ek nog nie die ware pad tot by Sy hart gestap nie en strompel ek nog verlore rond. Kom nou, maak die saak uit, en weet vir eens en vir altyd hoe lief jy God werklik het. Hoe voel jy wanneer beloftes aan jou verbreek word?

Heb 4:1: Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.

LOSLITDAG

Overvaal Stereo se personeel het Huis Simfonie in Viljoenskroon op Loslitdag, 3 September besoek en geskenkies aan die inwoners uitgedeel.

Mariana Beukman, Overvaal Stereo se Dame van die jaar vir 2010 (heel links), saam met Isabel Kruger (verlede jaar se wenner), Kaptein Adele Myburg van die SAPD in Potchefstroom (spesiale toekenning) en Linda Cloete wat vir Mariana benoem het.

Vanjaar se dame het nie tyd vir stil sit

Mariana Beukman van Potchefstroom is deur Linda Cloete genomineer wat 'n CV van sewe bladsye oor al haar betrokkenheid by die gemeenskap opgestel en ingedien het.

Mariana is 35 jaar met Dewald getroud en het twee seuns en twee kleinkinders. Sy glo dat die Here haar tot diens geroep het en dat sy daaraan gehoorsaam moet wees en daarom het hierdie dame altyd tyd om iemand te help en iewers kos te gee.

Tans spandeer sy meer as die helfte van die dag by die *Ons Hulde Ouetehuis* waar sy meer as net 'n geliefde besoeker is. Sy werk skouer aan skouer met die bestuur om die omstandighede daar te verbeter.

Benewens *Ons Hulde* en die spysenieringsbesigheid wat sy al vir jare saam met haar man Dewald bedryf is sy ook by die Abraham Kriel Kinderhuis, haweloses en gesinne wat swaarkry betrokke. Saam met studente van die Noordwes Universiteit samel sy klere in wat onder die armes versprei word.

Sy ondersteun die universiteit se joolkomitee met hulle "Droomhuis-projek vir gestremdes" en is ook by Simonsoord betrokke. Dit is nie net haar tuisstad wat baat by haar opoffering nie. In Parys versprei sy vleis aan weeskinders met MIV/vigs.

Mariana is ook betrokke by Bybelverspreiding en as ouma ondersteun sy die kleuterskool waar haar kleinkinders skoolgaan.

Mariana is 'n waardige en getroue Dame van die Jaar.

Die span van KykNET se Jukebox het gedurende Julliemaand by Overvaal Stereo kom kuier. Neels, Johannie en Morne het die geleentheid gekry om boodskappe op te neem.

Hannes Dippenaar

Ontmoet vir Hannes

As jy nie werksaam was by Overvaal Stereo nie, waar sou jy graag wil werk: Boemelaar met 'n vaste beroep!
As jy 'n ander taal kon aanleer, wat sou dit wees: Beter Afrikaans
Waarin slaap jy: Hondehok (met DSTV). Kom kyk!
Wat is jou gunsteling restaurant: Blikkies Koo
Aan watter vereistes moet jou lewensmaat voldoen: Eerlik, opreg
Wie is jou gunsteling Rugbyspan: Cheetahs
Watter fabrikaat voertuig verkies jy: Mercedes-Benz Bo
Sal jy jou hare afskeer vir 'n belangrike saak soos byvoorbeeld kanker: Nee
Watter slegte gewoonte sal jy graag wil afleer: Om mense te maklik te vertrou
As die lewe druk...: Gee hom 'n klapsoen!

Overvaal Stereo het die bekendstelling van Jakkie Louw se nuwe CD, *Gemaak in SA*, bygewoon.

Frederick en Jakkie Louw.

Frederick en sy vrou Izelda saam met Robbie Wessels.

Morne Geyser het namens Overvaal Stereo 'n toekenning by Andrew van Select Musiek ontvang vir die radiostasie se bydrae tot die sukses in hul albumverkope.

'n Man met passie vir musiek

André Rieu en Melanie von Steen.

André Rieu en sy 'bondgenoot".

André Rieu se kuier in Suid-Afrika was vir baie 'n groot geleentheid. Overvaal Stereo het die voorreg gehad om 'n onderhoud met hom te voer. Dankie aan Martin Lane en Carien Dippenaar wat dit vir ons moontlik gemaak het. Dankie ook aan Johann Malan wat saam is om die onderhoud op te neem sodat die luisteraars ook daarin kon deel.

Die hele atmosfeer verander wanneer André Rieu by 'n vertrek instap. Jy is beslis bewus daarvan dat hy iemand is met baie vreugde en hy is gemaklik met mense en laat elkeen baie gou op hulle gemak voel. 'n Man met geen aanstellerigheid nie. Net jammer hy het nie die geskenk wat Overvaal Stereo vir hom gegee het gebruik nie. Ons het gereël dat hy die geleentheid kry om saam met 'n leeu te swem. Hy het gelag en gesê: "Ja, ons sal daaroor dink".

Hy word baie goed opgepas en veral sy hande mag nie seer kry nie. Elkeen word vooraf met die hand gegroet en dié wat 'n stewige boere-handruk soos Johann Malan het, is gevra om hom nie met die hand te groet nie.

André Rieu het besliste idees oor sy musiek en sy werk, alhoewel hy sê dat hy nog nooit eendag gewerk het nie, want alles is net plesier. Geen lid van sy orkes wat dit net vir die geld doen word toegelaat nie. Die lekker moet eerste gestel word en dan die geld. Maar nou ja, daarvan maak hy sekerlik genoeg.

"Ek is nou sestig jaar oud. Ek gaan leef tot ek eenhonderd en twintig is"

Tydens die perskonferensie het iemand hom gevra of hy 'n bydra tot die opleiding van Suid-Afrika se minderbevoorregtes gaan maak het hy gesê: "Ek is nou sestig jaar oud. Ek gaan leef tot ek eenhonderd en twintig is. Ek sal terug kom wanneer ek eenhonderd jaar oud is en hulle dan kom leer". Tot dan sê hy hoop hy om die wêreld so lief vir musiek te maak dat sy liefde en vreugde hulle lewens positief sal verander. Volgens hom sal hy net opheffingswerk doen en geen tyd vir musiek hê as hy in elke land eers die mense moet oplei nie.

André se konserte was ongelooflik. Melanie het die voorreg gehad om dit twee keer by Sun City te woon. Een keer het sy heel agter gesit en op 'n ander keer voor in die gereserveerde sitplekke vir die media. Volgens Melanie was Suid Afrika se gehore ongelukkig onbeskof en het hulle nie geweet hoe om op te tree nie. Hulle het deurentyd rondgeloop en kon nie die klassieke werke lekker saam sing soos konsertgangers in ander lande nie. Sy sê baie mense het ook na afloop van die vertoning vir die deure gestorm en daardeur die helfte van die konsert wat impromptu aangebied was misgeloop. Dit was hier waar die konsert in danse losgebreek het.

André Rieu kom volgende jaar weer Suid-Afrika toe. Op 'n vraag of Melanie weer sal gaan kyk het sy gesê: " Ja, as ek agter kan sit en as die kaartjies nie weer so duur is nie. Tot dan kyk ek maar na die DVD van die onderhoud en geniet elke oomblik daarvan".

Afgeleegaste

Juanita du Plessis en haar man Duppie.

Christo van Wyk en Jan Botes van die Mooiplaas Boereorkes saam met Johann Malan.

Isabel saam met Clemens Mans.

Manie Jackson het sy nuwe album bekendgestel.

Marius Schneider saam met Lydia Winchester en Quen

Riaan en Lenro van die groep Tolbos tydens h
paar liedjies gesing. Riaan het sommer 'n boe

tin Prinsloo.

Isabel en Fergus Buchan.

Isabel en Willie Olwage van Kruiskyk.

Carien, Mara van den Berg en Lance James.

Johan van der Merwe, Ruiter in Swart en Frederick.

Sonja Herholdt en Martin.

Cobus Cooper Gomes van die KykNET-drama *Getroud met rugby* in die ateljee.

ul besoek. Hulle het sommer op die lug 'n
ek as dromme ingespan.

Martin, Jacques en die sanger, Ralph hou vir Lydia Winchester, Ralph se agent vas.

Frederick & Izelda

Frederick du Plessis is op 31 Oktober 2009 met Izelda van der Merwe in die AP Kerk Viljoenskroon getroud. Die paartjie wys met trots hulle troufoto's.

Nuwe Vrystellings

Resensie deur: Johannie de Waal

Meesterstuk ★★★★★
Uitstekend ★★★★
Goed ★★★
Twyfelagtig ★★
Swak ★



Natasha Joubert
DAISY

AANTAL STERRE: ★★★★★

Met haar nuwe album, **Daisy**, wat pas vrygestel is, kan 'n mens nie anders as om opnuut kennis te neem van dié Vrystaatse skoonheid nie. Soos 'n vrolike bossie Barberton Daisies kom verhelder Natasha Joubert die musiekwêreld met haar warm, sagte en opregte musiek.

Na haar vorige CD, **O My Bokka**, waarvoor Natasha ook by die Vonk musiektoekennings as mees gewilde vroulike kunstenaar vir 2009 aangewys is, is daar net geen keer aan haar nie. Sy spankel behoorlik met haar splinternuwe album propvol ritmiese melodieë en lirieke waarin jy jouself kan verloor.

Die titelsnit was onmiddelik 'n treffer onder Overvaal Stereo se luisteraars. Natasha se man, gospelsanger Willie Joubert, was soos in die verlede ook baie betrokke en het onder andere help skryf aan **Daisy**, **Do Re Me**, **Dis hoe dit werk**, **Ek wens ek kon** en **Jou-Jou speletjies**.

Oos Wes Tuis Bes is die liedjie wat elke boereseun en meisie sommer warm in die hart sal laat.

Daar is ook twee bekende Engelse liedjies, **In love with you** en **When you tell me that you love me**, waarin Willie saam met Natasha sing, ingesluit. Ek glo die liedjie wat Natasha dalk die naaste aan die hart lê is **Will the flame** wat sy self geskryf het. 'n Pragtige liefdeslied met ongelooflike klavierklanke wat 'n mens hoendervleis gee. Ek glo die sukses van **Daisy** kan aan Natasha se passie vir musiek toegeskryf word. 'n Mens kan sommer hoor sy geniet elke oomblik. Die lewenslus, hartsklanke en inspirasie van 'n sangeres wat met siel en styl bekoor, verdien vyf Overvaal-sterre!

DIT IS WAT ONS DINK...

	GERHARD STEYN Als begin eers nou	**SONJA HERHOLDT** Pêrels	**JUANITA DU PLESSIS** Engel van my hart	**STEVE HOFMEYR** Duisend en een	**ARNO JORDAAN** Stukkie van jou hart
Ignaz Streicher	8	8	9	9	7
Melanie von Steen	8	8	8	9	8
Frederick du Plessis	8	7	8	8	8
Martin Havenga	8	6	7	8	7
Kobus van Zyl	7	6	8	7	7
GEMIDDELDE PUNT	8	7	8	8	7

Ontdek koepel op 'n vierwiel

Op 'n koel oggend het 'n paar van Overvaal Stereo se personeellede op een of ander manier aan die "bewe" gegaan, maar om verskillende redes. Sommiges van opgewondenheid en ander van pure senuweeagtigheid. Fanie, eienaar van Koepel Quads in Parys, was ons gasheer vir die dag en met ons aankoms het die vierwiel motorfietse reeds netjies en skoon gereed gestaan.

Nadat Fanie seker gemaak het dat elkeen die padreëls verstaan, is ons onder verkeersbegeleiding na die Vredefort koepel.

Ons het gelukkig gereeld gestop om bene te rek en die natuurskoon te bewonder. Die roete was verby twee wildsplase, 'n plantasie en ook oor die Vaalrivier se brug.

Soos gewoonlik wou die manne bietjie meer adrenalien pomp en is ons na 'n nabygeleë spruit waar hulle kon "speel".

Vir middagete het ons by die Parys vliegveld se restaurant gebraai.

Koepel Quads in Parys bied verskeie pakkette vir belangstellendes. Daar word vir senior burgers, kinders en ook professionele ryers voorsiening gemaak.

Vir navrae oor ongelooflike avontuur uitstappies of wegbreekgeleenthede skakel Fanie by 056 811 4893.

Neels en sy dogter het bietjie hulp nodig gehad.

Frederick en Izelda.

Martin en Chantelle

Jacques is reg vir die avontuur.

Programrooster

MAANDAG

06:00 Stasie Open
06:05 Skriflesing en gebed
06:15 Ontbytjolyt
09:00 Oggendoordenking
09:30 Kortbeentjietyd
09:45 Vroueforum
11:00 Nuus
12:00 Met Raad & Daad
13:00 Agenda — *Onthou om vanmiddag nuus te luister!!!*
14:00 Wat Sê Jy?
14:30 Amandelbome & Bloeisels
15:30 Tekkietyd
16:30 Oppad Huistoe
17:45 Kitsversoeke
18:30 Aandoordenking
18:45 Wat Gebeur Waar
19:00 Nuusoorsig
19:30 Netpret — *Bel in en vra oor virus op rekenaar*
20:30 Afrikultuur / Woordbou
21:45 Strespleisters
22:30 Waar eet jy?
23:00 Ek & Jy
23:45 Laataand Oordenking

DINSDAG

00:00 Deurnag
05:00 Oggendgodsdiens
06:00 Ontbytjolyt
09:00 Oggendoordenking
09:30 Kortbeentjietyd
09:45 Vroueforum
10:30 Klassieke Keur
11:00 Nuus
12:00 Met Raad & Daad
13:00 Agenda
14:00 Wat Sê Jy?
14:30 Amandelbome & Bloeisels
15:30 Tekkietyd
16:30 Oppad Huistoe
17:45 Kitsversoeke
18:30 Aandoordenking
18:45 Wat Gebeur Waar
19:00 Nuusoorsig
19:30 Bybelvasvra — *Onthou om saam te speel*
20:45 Geldsake
21:00 Sake van die Dag
22:00 M & M
23:45 Laataand Oordenking

WOENSDAG

00:00 Deurnag
05:00 Oggendgodsdiens
06:00 Ontbytjolyt
09:00 Oggendoordenking
09:15 Kortbeentjietyd
09:30 Bel My
10:00 Praat saam
11:00 Nuus
12:00 Met Raad & Daad
13:00 Agenda
14:00 Wat Sê Jy?
14:30 Amandelbome & Bloeisels
15:30 Tekkietyd
16:30 Oppad Huistoe
17:45 Kitsversoeke
18:30 Aandoordenking
18:45 Wat Gebeur Waar — *Al die treffers*
19:00 Nuusoorsig
19:30 Overvaal Stereo Top 20
21:00 Blitsversoeke
22:00 Tienertempo
23:45 Laataand Oordenking

DONDERDAG

00:00 Deurnag
05:00 Oggendgodsdiens — *Stuur verjaardagboodskap*
06:00 Ontbytjolyt
09:00 Oggendoordenking
09:30 Kortbeentjietyd
09:45 Vroueforum
10:30 Klassieke Keur
11:00 Nuus
12:00 Met Raad & Daad
13:00 Agenda
14:00 Wat Sê Jy? — *Bel in en gesels saam*
14:30 Hemelklanke
16:30 Oppad Huistoe
17:45 Kitsversoeke
18:30 Aandoordenking
18:45 Wat Gebeur Waar
19:00 Nuusoorsig
19:30 Kunstenaarsdebuut
20:30 Blitsversoeke
21:00 Hoekom So Skaars — *Lekker om te luister*
23:45 Laataand Oordenking

VRYDAG

00:00 Deurnag
05:00 Oggendgodsdiens
06:00 Ontbytjolyt
09:00 Oggendoordenking
09:30 Kortbeentjietyd
09:45 Vroueforum — *Ma se gunsteling*
10:00 Arbeidsake
11:00 Nuus
12:00 Met Raad & Daad
13:00 Agenda
14:00 Wat Sê Jy?
14:30 Vrydagmiddag Vermaak
15:30 Tekkietyd
16:30 Oppad Huistoe
17:45 NATUUR-lik — *Leer van die natuur*
18:30 Aandoordenking
18:45 Wat Gebeur Waar
19:00 Nuusoorsig
19:30 Nuut op die rak
20:00 Vrydagaand Versoeke
23:45 Laataand Oordenking

SATERDAG

00:00 Deurnag
05:00 Oggendgodsdiens
06:00 Ontbytjolyt
09:00 Naweek Netwerk
13:00 Nuus
17:30 Saterdag Skoffel — *Pa se gunsteling*
18:30 Sononder
18:45 Aandoordenking
19:00 Nuusoorsig
19:30 Country Kuier
20:00 Saterdagaand Tuis
23:45 Laataand Oordenking
24:00 Stasie Sluit

SONDAG

11:00 Oggend Erediens
19:00 Aanddiens
20:00 Geestelike Top 10
20:45 Ons Gesels Met...
21:30 Boekvoorlesing
22:00 Gebedsversoeke
22:30 Troef my
23:45 Laataand Oordenking
24:00 Stasie Sluit

Nuusbulletins & Weer

| NUUS | Maandae tot Vrydae: 07:00, 08:00, 10:00, 11:00, 13:00, 15:00, 16:30, 17:30, 19:00
Saterdae en Vakansiedae: 07:00, 08:00, 13:00, 17:30, 19:00
| WEER | Maandae tot Vrydae: 06:15, 07:05, 08:05, 13:55, 17:00, 19:15



www.overvaalstereo.co.za

Nuusbrief

Damestee 2010

Saamgestel deur: Melanie von Steen, Carien Dippenaar | Grafiese ontwerp: Morne Geyser | Taalkundige versorging: Melanie von Steen, Morne Geyser | Drukwerk: Printing Things